Dat die Kerk weer KERK kan wees!

Dit is 'n eenvoudige katkisasievraag: Wat is die kerk? Maar die antwoord kan alleen deur die geloof gegee word. Die ongelowige wêreld kan dit nie beantwoord nie. Vir God se kind is dit egter 'n geloofsaak. Daarom staan daar in ons Belydenis: Wat glo jy van die kerk? (Vraag 54 van die Heidelbergse Kategismus).

Buite die geloof om word die kerk 'n karikatuur. In die oog van die wêreld is dit dikwels 'n bespotting. Selfs kerkmense raak verward. In die politieke arena word die kerk 'n speelbal. Ook bose ideologieë wil dit vir hulle doel gebruik. Die preekstoel word 'n platform vir die mens se idees.

Ja, wat is die kerk?

Die Reformasie van die 16e eeu

Vir 'n Gereformeerde kerk is daar geen ander bron oor die vraag na die kerk as die Heilige Skrif nie. Dit het ons by die Hervormers van die 16e eeu geleer.

Met hierdie groot Hervorming is die Heilige Skrif weer ontdek. Na die donker Middeleeue het die lig van die Evangelie van Jesus Christus weer in die skemering van die vermufte katedrale geskyn. En by die lig van hierdie Woord het die mense weer die kerk ontdek. Hulle het weer raakgesien wat volgens die Bybel, die gemeente van Jesus Christus is.

Die vervalle kerk

Ongelooflik dat dit kan gebeur. Onbegryplik dat 'n kerk na 'n tyd so vervals kan word, so ver kan afdwaal, so uiters vervorm kan word, terwyl niemand dit besef nie! Hoe is dit tog moontlik dat die wêreldse organisasie wat die mense voor hulle oë sien, vroeër 'n kerk was en nog steeds 'n kerk genoem word?

Die geboue was groot, imposant, luisterryk. Tot vandag toe kan 'n mens nog nie jou oë daarvan aftrek nie. Met buitengewone beeldhou- en skilderkuns, met die sierlikste houtsneewerk en asemrowende kleurvensters ontroer dit die mens se diepste gevoelens. En dan die kerse wat in die skemer brand, met pragtige Latynse formules en die skoonste Middeleeuse koorsang. Alles met een woord betowerend!

Maar dit is 'n kerk waar die preekstoel nie meer in die sentrum staan nie…

Dit is 'n kerk met 'n altaar waar die offer van Christus steeds weer gebring moet word…

Dit is 'n kerk waar die prediking van die Evangelie verdwyn het…

Dit is 'n kerk waar die gemeente vir hulle sondes self by die biegstoel geld moet betaal…

Dit is 'n kerk wat deur 'n pous in plaas van Christus regeer word…

Dit is 'n kerk waar die tradisie en vals Bybelboeke (Apokriewe) dieselfde gesag as die Heilige Skrif het…

En so kan ons voortgaan.

Hoe lyk nou die Gereformeerde kerk?

Met die herontdekking van die Woord van God, het die Hervormers soos Luther en Calvyn weer die suiwer prediking ontdek.

En met die ontdekking van die suiwer prediking, het hulle weer die suiwer sakramente (die sigbare preke) ontdek.

En hiermee saam het hulle ook die suiwer tug in die gemeente ontdek.

En toe weet hulle ook meteen wat die ware kerk is!

Hulle het dit noukeurig in die Heilige Skrif ondersoek en hieruit dit noukeurig in die Gereformeerde Belydenisskrifte opgeskryf. Onder andere kan ons dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis in artikels 27 tot 33 en in die Heidelbergse Kategismus in Sondag 21 lees.

Die valse kerk

Daar bestaan geen twyfel nie: Hier op aarde bestaan daar ook 'n valse kerk. Dit is 'n kerk wat in diens van die Antichris is. Dit is 'n kerk wat in plaas van die Evangelie, wêreldse ideologieë preek. In plaas van die Christusbelydenis, kom hulle met 'n humanistiese (menslike) beleid. Alreeds in die eerste eeu het die apostel Paulus hierdie soort 'kerk-wees' ontmasker: *"Daar sal 'n tyd wees wanner hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels"* (2 Timoteus 4:3, 4).

Hier sien ons reeds die triomf van die valse kerk in die laaste dae. Hierdie 'kerk' het ook merktekens waaraan jy hom kan ken en onderskei van die ware kerk. Ons lees dit ook in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis:

Wat die valse kerk betref…

Dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God…

Dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie…

Dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke…

Dit vertrou meer op mense as op Christus…

Dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe…

Die grootste verwyte aan die kerk

Daar is 'n lang lys van verwyte en beskuldigings wat vandag deur kerkmense en ook buitekerklikes aan die adres van die kerk geslinger word:

Die kerk bereik nie meer die massas nie…

Dit het nie meer 'n boodskap aan die jeug nie…

Die kerk se taal is outyds en spreek nie tot die moderne mens nie…

Die kerk is onbewoë oor die lot van die onderdruktes…

Die kerk is materialisties…

Die kerk doen te min sending…

Die kerkdienste is saai en onaantreklik, ens., ens.

Daar is ook nog baie meer sulke verwyte. Baie daarvan en baie kere is dit ook waar. Ons kan nie ons oë daarvoor sluit nie. Die kerk mag nie soos die priester en die Leviet by die gewonde langs die pad verby loop nie.

Wat is dan die kerk se antwoord op hierdie onbetaalde rekening?

Kosmetiese (uiterlike) aanpassings?

In die Middeleeue het die Roomse kerk wat ons kan noem kosmetiese aanpassings gemaak om die vervalle toestand te probeer red. Daarvoor het hulle in die 14e en 15e eeue selfs die woord 'reformasie' op die sinodes gebruik. Die kloosters is 'hervorm'. 'Stronger disciplines' en ordes is opgestel. Die sedes moes hardhandig verbeter word. Maar dit het nog nie gehelp nie, want dit was slegs 'kosmetiese' verbeterings.

Kosmeties beteken die vermoë om die gesig mooi te maak. Dit is wat dames dag vir dag doen (miskien ook mans).

So word dit vir die kerk 'n versoeking om in sy vervalle toestand en in sy nood om in die wêreld te kan oorleef of uit te brei, kosmetiese aanpassings te maak. Die kerk se gesig moet uiterlik vir die wêreld mooi gemaak word. Allerhande 'mooimaakmiddels' en aantreklike 'style' moet gebruik word. Die proklamasie van die Woord moet vervang word met 'n dialoog met die mense waarin die mense moet sê waarvan hulle hou. Die Psalms moet vervang word met moderne populêre liedere. Die gemeente moet meer en meer 'n 'sosiale boodskap' ('social gospel') kry. Die kerkraad moet met 'bestuurstegniek' so glad soos 'n direksie van 'n maatskappy kan werk. Die dominee moet die ideale 'verkoopsman' wees om sy ware rats en handig te kan verkoop. Die tegnieke kry aanhoudend die klem.

En die inhoud van die Evangelie? En die unieke wese van die kerk in die sondige wêreld? Die kerkmense self, maar ook die wêreld wag gretig op die antwoord.

Wat is dan die kerk se grootste nood?

Die Woord moet gepreek word!

By al die baie verwyte bly die grootste nood van die kerk nog altyd dat die Woord van God nie meer nie, of swak gepreek word. Dit is die een enkele grootste probleem waarop alle ander tekortkominge en swakhede en verval saamtrek: ongehoorsaamheid aan die Woord op die preekstoel en in die kerkbanke.

Wil die kerk dan weer KERK wees?

Wel, begin dan om tydig en ontydig (onder alle omstandighede) gehoorsaam te wees aan die Woord. Preek dit, leef dit uit! Dan word ook die 'sigbare preke' van die sakramente suiwer; en ook die tug (die praktiese toepassing om die sonde te bekamp) word in die gemeente suiwer.

Dan sien die mense weer die ware kerk in my omgewing. En hierdie kerk is werklik weer KERK. Dit is nie 'n karikatuurkerk nie.

VE d'Assonville

© 2015
www.christelikemedia.org